**Wit maniere van doen net een van vele**

https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/wit-manier-van-doen-net-een-van-vele-20180803

Vir my werk moet ek gereeld na kongresse in die buiteland reis. Dit is egter nie net die kongresse wat leer ervarings is nie, maar ook die reis self. So byvoorbeeld kan ek nou alreeds met redelike akkuraatheid voorspel watter mense wat saam met my op die vlug was, deur die doeane beamptes in Europa of die VSA uit die ry gehaal gaan word vir ondervraging. Wel, stel dit so, dit is bitter selde ek of iemand wat soos ek, dus blekerig, lyk. Wat het ek deur die jare uit hierdie waarneming geleer? Dat ek wit is. En was dit ʼn groot insig? Ja en nee. Nee, vanaf jou geboorte weet jy dit, en indien jy in die 70's en 80's ʼn wit kind in Suid-Afrika was, het jy verseker geweet en is jy bewustelik geleer dat jy nie swart of bruin is nie. En tog is die antwoord op die vraag of dit ʼn groot insig was ook ja, want jy was terselfdertyd nie iemand wat ooit aan jou velkleur herinner is nie. Ek en my tipe en ons uitkyk op die lewe was (en is soms steeds) die norm. So byvoorbeeld is daar in die Teologie, en dit geld ook vir ander akademiese velde, baie soorte Teologie: Afrika-, Swart-, Feministiese-, Kinderteologie, en nog ʼn hele rits ander tipes. Hulle bestaan en word spesifiek benoem as byvoorbeeld Swart of Feministies, omrede daar gemeen is dat Manlike Teologie en Wit Teologie nie benoem (hoef te!) word nie en gewoon aanvaar is as die dominante en algemeen aanvaarde soort.

Die alomteenwoordigheid van wit mans se perspektiewe word dikwels na verwys as ʼn soort akademiese imperialisme. Die wiel draai en daar is oor die laaste jare werk gedoen oor sogenaamde Wit Wetenskap en al meer populêre boeke oor die onderwerp van witheid word gepubliseer. Haji Mohamed Dawjee se *Sorry, not sorry*, Nathan Trantraal se *Wit issie ʼn colour nie* is het albei in 2018 verskyn. Volgens Trantraal is witheid so ʼn dominerende en alomteenwoordige gegewe dat wit nie ʼn kleur is nie, maar eerder ʼn godsdiens. Wat Dawjee en Trantraal en vele akademici ons aan herinner, is dat almal oor die laaste dekades rekenskap moes gee oor die invloed van wie hulle is, het op dit wat hulle doen en hoe hulle dit doen, behalwe wit (manlike) akademici. Die rede waarom dit nie gebeur het nie, is doodgewoon omrede dit nie nodig was om dit te doen indien jou perspektief die dominante perspektief is nie. Jy gaan in elk geval beheer verloor indien jy dit doen, want die een wat die wêreld kan benoem en gevolglik ook kennis sistematiseer, het die mag en min is dus lus om dit te doen. En, soos Dawjee tereg uitwys, word dit wanneer dit wel gedoen word, op so ʼn wyse gedoen dat witmense die struggle koloniseer. Daar word beweer dat diegene in die wêreld wat die meeste mag het, die minste tale praat. Hoekom? Want as ek die septer swaai, hoef ek net een taal, my eie taal, te praat en die ander moet maar by my inval ter wille van oorlewing. Dawjee se hoofstuk getiteld "A resignation letter to performative whites" is eintlik verpligte leesstof vir alle witmense, al sal dit sommige mense geweldig ongemaklik laat.

Dit val dalk vreemd op die oor vir sommige mense, maar wit wetenskap is ʼn ding wat bestaan, daardie wit perspektief deursuur sommige universiteite. Indien ʼn mens in ʼn paar lesings by universiteite gaan sit en gewoon net die taalwêreld van daardie lesings fyn beluister, is dit insiggewend en kom ʼn mens tot die besef dat wit wetenskap op ʼn hele paar aannames berus. Ek gee klas en my voorbeelde wat ek vir die studente voorhou sluit swembaddens, studente met motors en vakansies in die Wildtuin of by die see in. Dit is wit wetenskap wat beoefen word vanuit ʼn ekonomies bevoorregte posisie en ʼn middelklas bestaan as ʼn gegewe veronderstel en nie in ag neem dat heelwat van die studente wat voor my sit honger is en nog nooit met vakansie was nie. Toegegee, alle witmense in ons land is nie in ekonomies bevoorregte posisies nie, maar baie wit dosente en akademici is wel. In my lesing fokus ek verder die hele tyd op die individu en individuele regte. Ditto. My lesing kommunikeer duidelik dat ek glo dat sekere mense (sonder om iemand te benoem, maar ek bedoel dit waarmee ek nou in die lesing besig is, dus my tipe se bydrae tot die samelewing) ʼn besondere rol het om te vervul sodat vooruitgang in die wêreld gewaarborg is en dat ons sonder

hierdie bydrae tot die wetenskap slegter daarvan af sal wees (‘kolonialisme was nie so sleg nie’ is soms ook die subteks). Dis soos om te glo dat skole in oorwegend wit woonbuurte en met ’n meerderheid wit kinders en onderwysers beter is as ander skole.

Saam met al hierdie sake gaan ook ’n geloof in ’n meritokrasie, om nie te praat van ’n noukeurig ontwerpte metodologie nie (in die Teologie het ons dan natuurlik boonop ook vir God betrek wat dit wat ons doen en hoe ons dit doen sanksioneer). Dis witmense, soos ek, wat hierdie sisteem in plek gesit het en dit nou ook onderhou, daarom moet alles metodologies gedoen word soos dit hoort en diegene wat dit so doen, word beloon. Ek moet glimlag terwyl ek hier skryf, want dit is asof ek ten dele in ’n spieël kyk terwyl ek tik en my eie teks sien en ook wanneer ek diegene wat hieroor skryf se boeke en artikels lees. Dis asof die swart man voor my uit die ry gehaal word op Frankfurt se lughawe terwyl ek vriendelik in Duits gegroet word.

So wat nou? Is alles wat ek en my tipe doen dus net sleg en sonder waarde? Ek hoop regtig nie so nie en glo dit ook nie, alhoewel ek vermoed my bydrae dalk veel meer waarde kan hê indien ek net vir ’n oomblik gaan stilstaan en besef dat ek wit is en gevolglik ook dit wat ek doen op ’n wit manier doen (en dat daar vele ander goeie en geldige maniere van doen is). Om te besef dat my manier van kyk na die wêreld, maar een manier van kyk is, een verstaanhorison, een perspektief tussen baie ander, en dat al die perspektiewe van belang is, kan my bydrae verbeter. Dit is ’n vertrekpunt, ’n eerste stap. Stap twee sal wees om aktief te soek na wyses waarop almal se kennis ingebring en gewaardeer kan word. Ek dink wit wetenskap is potensieel baie waardevol, maar dit kan van nog groter waarde wees indien dit bedryf word vanuit ’n posisie wat eers luister.

Cas Wepener